HOËRSKOOL RANDBURG

Algemene Oueromsendbrief nr. 05 van 2024

26 Februarie 2024

Geagte Ouer/Voog

STEMPROSES – BL-VERKIESING

Die Beheerliggaamverkiesing word hierdie jaar elektronies deur *d6Connect* behartig. Ouers/voogde kan slegs stem indien hulle die ***d6 Connect app*** het.

Kry die *d6Connect app*

Daar word vandag aan alle ouers/voogde wat nog nie op *d6 Connect* geregistreer is nie, 'n SMS en e-pos uitgestuur met 'n skakel om op die *app* aan te sluit. Hierdie skakel lei na die bladsy met die stappe om die *app* te registreer.

Enige probleme kan tussen 08:00 en 14:00 by ons IT-ondersteuning hulp kry (of later, per afspraak, by it.admin@hsrandburg.co.za).

Stem proses

Wettige voogde (biologiese ouers en hofaangewysde voogde) ontvang almal om 07:30 op **Maandag, 4 Maart** 'n kennisgewing van die verkiesing. U het 8½ ure (tot 16:00) geleentheid om u keuses te maak vir 'n maksimum van nege ouers/voogde om op die beheerliggaam te dien.

Die proses werk soos op die keersy aangedui. Indien u enige tegniese probleme op die dag ondervind, sal daar by ontvangs hulp beskikbaar wees.

Randjiegroete,

MNR E. ENGELBRECHT
VERKIESINGSBEAMPTE

MNR. P BOOYSEN
SKOOLHOOF

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

Stemproses op d6Connect



U ontvang 'n opwipkennisgewing van die d6 *app* met die stemlys

Maak die kennisgewing oop om toegang tot die stembrief te kry



Indien u die kennisgewing mis, sal dit ook op die *News/Home* bladsy van die *app* beskikbaar wees



Let op die aanhegsel wat onderaan die stembrief sigbaar is. Die lys van kandidate sal hier beskikbaar wees vir vinnige verwysing.

Maak 'n maksimum van nege keuses.

Gebruik die pyltjie regs bo (bo die skoolwapen) om u antwoorde in te dien. (iPhone - kies *Done* regs bo)